SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Oos-Kaap / Eastern Cape

SAOU

E-Nuus / E-News 35/2015
21/09/2015

☎ 041 3640 500 / 041 364 0501 🖷 041 364 0510 ✉ saouok@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

ADMINISTRATIVE PAMPER DAY 2015

From the desk of
Wanda Ferreira

At last the day arrived – the committee grouped, emailed, held meetings and chatted and laughed and voíla….an interesting, lovely, insightful and fun morning of socialising.

Secretaries left their schools and arrived donning hats, flowers, feathers, ribbons and masks and to come and enjoy the morning.

Barbara van der Walt opened with a few thoughts on masks and hats. People hide their heart sore, hurt, etc. behind masks. She also said that secretaries have to wear many hats at school – that of confidante, nurse, telephonist, counsellor, policeman, organiser 'par excellence', forward planner, just to name a few.

The SAP followed with a few handy tips prevent us from becoming victims of crime and how to be observant citizens.

Leann Roos told us about the new SAOU D6 Communicator app which keeps us up to date with all the latest news, newsletters, education matters, etc.

We were then swooned by the beautiful singing of Pieter Rademeyer, accompanied by Lilian Zeelie. The lyrics and music were really food for the soul.

ADMINISTRATIEWE BEDERFDAG 2015

'n Terugblik uit die pen van
Wanda Ferreira

Uiteindelik was die dag hier. Die komitee het gegroepeer en ge-e-pos, vergader en gesels en gelag en siedaar – 'n interessante, heerlike, insiggewende en lekker kuieroggend.

Sekretaresses het hulle skole verlaat en opgedaag getooi in hoedjies, hoede, blomme, vere, linte en maskers en kom sit om die oggend te geniet.

Barbara van der Walt het geopen met 'n paar gedagtes oor maskers en hoede. Mense steek hulle emosies van hartseer, seerkry, ens. agter maskers weg. Sy het ook vertel dat sekretaresses baie hoede by die skool dra – as vertroueling, verpleegster, telefoniste, berader, polisieman, organiseerder van formaat, vooruitbeplanner en heelwat meer.

Die SAP het gevolg met 'n paar nuttige veiligheidswenke oor hoe om misdadigers te fnuik en wat ons kan doen om oplettende en wakker landsburgers te wees.

Leann Roos het ons vertel van die SAOU se nuwe D6 Communicator wat ons as lede en skole op hoogte hou met die jongste omsendbriewe, onderwysgebeure ens.

Ons is daarna vergas op pragtige sang deur Pieter Rademeyer, onder begeleiding van Lilian Zeelie. Die lirieke en musiek was regtig voedsel vir die gees.

Karen Kilian informed us of the importance of a good and kept appearance. She had us in stitches and left the only man in the room, Keith, red-faced. It was paired with dressing and undressing behind a screen on the stage.

Christo Hurter provided humour for the morning by sharing with us that men don't care much for emotions, cushions or candles, but the emphasis can change if a man's wife is not involved.

Dynamite in a small package made her appearance on stage in the form of Dr Janin Vansteenkiste!!! She made us thoroughly aware of the important role of secretaries in the school. According to her, we must realise that even though we are not the lead role in the school play, our qualities such as forward planning, team work, empathy, integrity and many more, are all important in the general functioning of the school.

Every secretary also received a pamper pack: a handy bag donated by the SAOU contained the following: notebooks and pen, lanyard, magazines, succulent plant with an inspirational card and an emergency kit with a candle and matches for load shedding and on the lighter side: a bag with the essential things that are needed daily by secretaries, and a pack of sweets.

We also had a lucky draw in which approximately 40 people's day was made extra special.

It was a wonderful morning and we will do it again next year!!!!

Should any secretaries wish to be part of the committee, they are welcome to contact the SAOU and offer their help.

Click here for more images

Karen Kilian het ons onder luide gelag van die dames en bloedrooi wange van die enigste man onder ons dames, die klankman, Keith, die belangrikheid van 'n goeie en versorgde voorkoms vertel. Dit het alles gepaard gegaan met aan- en uittrek agter 'n pragtige skerm op die verhoog.

Christo Hurter het humor aan die geleentheid verskaf deur te vertel dat mans nie veel erg aan enige emosies, kussings en kerse het nie, maar dat dit heeltemal 'n ander saak is as 'n man se vrou nie betrokke is nie.

'n Klein pakkie dinamiet het ook sy verskyning op die verhoog gemaak in die person van dr. Janin Vansteenkiste!!!! Sy het ons deeglik bewus gemaak hoe belangrik die rol van die sekretaresse in die skool is. Volgens haar moet ons besef dat, alhoewel ons nie die hoofrol in die skooltoneel speel nie, ons kwaliteite soos vooruitbeplanning, spanwerk, empatie, integriteit en nog baie meer, belangrik is in die algemene funksionering van die skool.

Elke sekretaresse het ook 'n bederfpakkie gekry: 'n nuttige sak wat deur die SAOU geskenk is met die volgende in: notaboekies en 'n pen, nekkoord, tydskrifte en 'n vetplantjie met 'n inspirerende kaartjie, Daar was ook 'n noodsakkie met 'n kers en vuurhoutjies vir al die kragonderbrekings en in 'n ligte luim- 'n sakkie met noodsaaklike dinge in die daaglikse lewe van 'n sekretaresse, sowel as 'n pakkie lekkers.

Ons het ook 'n gelukkige trekking gehad en ongeveer 40 mense se dag is spesiaal gemaak.

Ons sekretaresses se batterye is nou weer herlaai en ons is reg vir die res van die jaar, of so dink ons…

Indien enige sekretaresses sou belangstel om deel van die komitee te wees, is hulle welkom om die SAOU te skakel en hulle hulp aan te bied.

Klik hier vir meer foto's